HOOFSTUK 5

'N OMVATTENDE MODEL VIR DIE LITURGIESE TOEPASSING VAN SIMBOLE EN RITUELE

5.1 Inleiding

Die voorafgaande hoofstukke het in diens van 'n praktykteorie van *dialogiese kommunikasie* en *kommunikatiewe handelinge ter wille van die evangelie* (2.5.1; 2.5.3) vir die liturgie, omvattende navorsing opgelewer omtrent die teologie, die praktiese teologie, die Teks, die konteks, die mens, liturgiese aspekte en teorieë uit die teologie en hulpwetenskappe. Daaruit is vasgestel dat simbole en rituele die Gereformeerde teologie en die postmoderne tydsvak dien (2.2; 2.3). Ook is uitgewys dat simbole en rituele in drie aspekte van die liturgiese gebeure, naamlik; (i) spiritualiteit [2.4; 3.5.2], (ii) kommunikasie [2.5; 3.3.2 & 3.3.3] en (iii) pastoraat [2.6; 3.6.2.12] uitmunt as fassiliteerders om God en mens in 'n dinamiese ontmoeting (1.3.1) met mekaar te bring. 'n Model binne die liturgie is gekies waar die swaartepunt van die **Skrif**boodskap of die evangelie van Jesus Christus aangevul word deur **viering**saspekte (1.1) waar simbole en rituele beide aspekte kan versterk. 'n Ondersoek na die wese en funksionering van simbole en rituele (3) het waardevolle insigte aan die hand gedoen om die werking, toepassing en uitlewing daarvan te vier. Kommunikatiewe handelinge in die liturgie dui op "*a critical, contextual theology of liberational, transformative nature* ***that works with a communicative theory of action*** *based on a hermeneutical framework. It takes the concrete practical situation seriously …* " (2.5.3). Daarom is die gerigtheid om nie net teoretiese, akademiese dissiplines aan te bied nie – maar uit te kom by 'n "*praxis of* ***communicative*** *actions* " (2.5.3) en die Gereformeerde strewe dat "alle teologiese kennis moet 'n praktiese gerigtheid hê" (2.2.1 - Gerrish 1999:167). Dié praktykgerigtheid het onder andere aspekte soos die beplanning en ontwerp van simbole en rituele (3.3.7) en heelwat kommunikatiewe insigte en teorieë (2.5.2) aangesny. Laastens is die rykdom van simbole en rituele as heilsmedium en werktuig in God se verlossingsplan in en vanuit die Bybel (4) blootgelê. Dit lewer eweneens gewigtige bydraes tot die begrip, beplanning en toepassing daarvan.

Die **bydrae** uit hierdie proefskrif **tot die vak liturgie** is die **model** (5.4) vir die liturgiese gebruik van simbole en rituele. Die model word as praktykteorie aangebied.

5.2 Bydraende kontekstuele insigte tot 'n omvattende model vir die gebruik van liturgiese simbole en rituele – as praktykteorie

Die ontwerp van 'n omvattende, praktykgerigte model vir die besig wees met simbole en rituele binne die liturgie, bring die proefskrif vervolgens uit by die insigte en bydraes van verskillende kontekste, en aspekte tot die praktiese toepassing daarvan. Daarna sal een model gekonstrueer word wat aan al die veranderlikes reg laat geskied.

5.2.1 Insigte uit die Gereformeerde teologie

Insigte uit die Gereformeerde teologie wat direktief en imperatief blyk te wees vir die ontwerp van 'n model vir liturgiese simboliek is verfyn uit afdeling 2.2 en die samevattings uit paragraaf 2.2.16. Dit behels:

- Gereformeerde liturgieë en simboliek verheerlik altyd die **lewende Drie-Enige God soos wat ons Hom in die Bybel leer ken** in die eerste plek. Geen ander fokus kan hiermee gelyk geweeg word nie.
- Gereformeerde teologie (en liturgie) en simboliek is 'n ***semper reformanda*** teologie en simboliek wat voortdurend 'n soekende aktiwiteit sal bly om aan te hou reformeer op grond van die bevrydende waarheid van die Woord van God.
- **Eenvoud** en soberheid gaan saam met Gereformeerde teologie en simboliek as eksistensiële riglyn.
- Gereformeerde teologie en simboliek het genoeg karakter om **postmoderne pluralisme en relativisme** te akkomodeer en daarop te blom binne 'n sisteem van 'n verskeidenheid binne "een heilige algemene Christelike kerk". Kontekste van vele dimensies en vele fasette stoot die gereformeerde teologie nie af nie, maar trek dit aan. So het ons God se hart deur Jesus Christus leer ken in die Bybel.
- Reeds sedert die dae van Martin Luther het **ervaring en emosie** 'n plek binne die gereformeerde teologie. Luther het gesê dat gevoel en gewete binne die

teologie in orde is solank dit nie meer belangrik as geloof en die Woord van God is nie, maar dit aanvul.

- Om kontemplatief en **meditatief** met die Woord van God en gebed om te gaan is vir baie eeue en vandag bevorderlik vir ‘n *Coram Deo* liturgie, simboliek en lewe.
- **Deelname** uit elke stam en nasie, volk en taal en generasie om God se werk in die wêreld te verrig (anders as ‘n Roomse standestruktuur) verheerlik God en sy Koninkryk, asook in die beplanning, afhandeling en viering van simboliek in die liturgie.
- **Veelsintuiglike en meer holistiese kommunikasie** behoort gereformeerde liturgieë te help om geloofswaarhede beter te verinnerlik. So byvoorbeeld het die dissipels God se openbaring in Jesus Christus veelsintuiglik beleef deurdat hulle Hom gesien, gehoor en aan Hom geraak het (1 Joh 1:1). Sulke meer antropologiese en konteks-vriendelike kommunikasiewyses behoort uit die Woord te groei en daaruit toepassings te vind.
- **Simboliek** in gereformeerde eredienste sal ‘n voortsetting van God se manier van kommunikasie, uit die Bybel, met mense wees. Simbole en tekens soos ‘n reënboog, ‘n kierie, ‘n wolk, die ark, brood, wyn, gelykenisse, ‘n ruiter op ‘n wit perd, Jordaanwater, ens. val dadelik op. Simboliek behoort egter altyd uit die Woord te groei en God te verheerlik of ‘n Bybelse waarheid te aksentueer.

5.2.2 Insigte uit ‘n postmoderne konteks

Die verenigbare insigte en imperatiewe uit die postmoderne konteks wat die besig wees met liturgiese simbole en rituele kan verryk, word weergegee. Dit spruit uit die arbeid van afdeling 2.3 en die samevattings van 2.3.4 en 2.3.5. Dit kom neer op:

- Die liturgiese aanspreek daarvan om **behoefte** (“*need*”) en **waarheid** (“*truth*”) by mekaar uit te bring tydens eredienste. Postmodernes het behoefte daaraan.
- Die kerkmodel vir postmoderne tye is ‘n **liturgies-gedrewe** (“worship-driven”) gemeente. ‘n Gemeente waar … “*Worship is at the center* …”. Sweet (2000:143) reken dat: “*It is helpful to remember that just as the Protestant Reformation was a worship revolution wrought by changes in hermeneutics and*

epistemology, so the current Postmodern Reformation is witnessing revolutions in worship styles and functions wrought by similar intellectual forces."

- Die besef dat "*faith goes **beyond knowledge***" leef sterk onder postmodernes en word onder andere deur simbole en rituele aangespreek.
- Die besef dat God kompleks, **transendent**, misterie en bo-begryplik is en daarom so beleef en aanbid moet word. Die serebrale en verbale wyses het te klein en te min geword.
- Die besef dat gemeentes meer **inklusief**, holisties en geïntegreerd moet bedien.
- Postmodernes wil **sorg** en **omgee** beleef en hulle wil dit **geniet**.
- Die soeke na absolute **eenvoud** ("simplifying to the extreme") is 'n postmoderne lewensmotto.
- Om liturgiese kommunikasie te fasiliteer op mondelinge, visuele, tasbare, liggaamlike (**veelsintuiglike**) en **elektroniese** wyses pas postmoderne mense.
- Maksimum interaktiewe **deelname** laat postmodernes sin en betekenis vind**.**
- In die proses van "*blended worship*" of **konvergensie**-**liturgieë** moet die Skrif en tradisie steeds as waarheidsbron gekoester word, waarmee die wêreld, met postmoderne verrekening en aanpassings – bereik word.
- Eienskappe soos **emosie**, omgee, **passie**, **mense**-**verhoudings**, deernis, gevoel en intieme sakramentsdeelnames sal meer moet tel.
- **Ervarings, metafore, ikone** en **beelde** ("images") is in postmoderne tye draers en vestigers van die waarheid.
- **Pragmatisme**, **relatiwisme** en **hedonisme** laat postmodernes betrokke raak by dit wat vir hulle sin maak en wat hulle geniet om te doen.

5.2.3 Insigte uit die behoefte na groei in spiritualiteit binne die liturgie

Uit die uitgebreide verdiskontering van die terme *spiritualiteit* en *liturgiese spiritualiteit* in afdeling 2.4 en die samevattende opmerkings in 2.5.3 kan die raakvlakke daarvan vir die liturgie met simbole en rituele na die oppervlak gebring word. Die belangrikste aspekte daaruit is:

- Liturgiese spiritualiteit verwys na die studie en aktiwiteit wat worstel met die vraagstuk van: " …*how it* (liturgie) *nourishes, sustains, influences, enriches, enlivens the relationship between the Christian believer and God*", en die

verhouding tussen die Christengelowige en ander mense en die alledaagse lewenspraktyk. Kortom is dit die **liturgiese koester** en kweek van die diep, innige versadiging van 'n ware **Christenspiritualiteit**.

- Die postmoderne mens en die stadsmens blyk 'n groot **behoefte** te toon aan **spiritualiteitskoestering** in die kommunikasie-ontploffing en die snelbaan-lewe van die 21 ste eeu.

- Die liturgiese en ekklesiologiese mikpunt moet wees om **al vier die spiritualiteite** te akkommodeer en die bronne (en winspunte) uit elkeen te benut. Dit laat die gemeente wandel in 'n *heelwaarheid* en bied aan pluraliteit en diversiteit van postmoderne kontekste 'n geleentheid tot bywoning en deelname. Die vier kategorieë is:
    a. 'n Affektiewe of hartspiritualiteit
    b. 'n Kognitiewe of kopspiritualiteit
    c. 'n Mistieke of misterie-spiritualiteit
    d. 'n Konatiewe of handspiritualiteit
- Belangrike kwaliteite (modusse) rakende die doen en die besig raak in diens van liturgiese spiritualiteit is **deelname** en **eenvoud**.
- Liturgieë in diens van spiritualiteit sal baie baat vind as dit inhoudelik ruimte skep vir en voldoen aan:
    a. Die **karakter van God.**
    b. Die **bedoelings wat God** het vir mense en met mense.
    c. **Dade van God** wat hierdie bedoelings van God kan ontmoet.
    d. Mense se **reaksie op God** se aksie en inisiële bedoelings.
- Simbole en rituele is uitnemend **geskik** om spiritualiteit deur die liturgie te voed en te koester omrede dit:
    a. Emosioneel gelade is.
    b. Onbeskryflike kompleksiteite en "multifaceted" dimensies (soos God se wese) goed en duidelik kan uitdruk.
    c. Ondenkbares en herinnering (geheue) saamdra.
    d. Intuïtief kommunikeer.
    e. Beelde, persepsies en ervaring verdiskonteer in die kommunikasieproses.

5.2.4 Insigte uit die behoefte na meer effektiewe kommunikasie binne die liturgie

Die komplekse vereistes (2.5.2) om tydverwant en Skrifverwant te kommunikeer in ons dag binne die liturgie is duidelik uitgespel in afdeling 2.5. Die vereistes word grotendeels ontmoet deur simbole en rituele in die liturgie (2.5.4) as tydlose en effektiewe kommunikeerders. Die keuse vir *dialogiese kommunikasie* en die inhoud daarvan (2.5.1) en *kommunikatiewe handelinge* (2.5.3) is duidelik uitgespel. Die samevattende opmerkings in 2.5.5 gee heelwat rigting omtrent die behoeftes wat liturgiese kommunikasie aan liturgiese simbole en rituele stel. Dit blyk die volgende te wees:

- Belangrik om in berekening te behou met simboliese kommunikasie is dat dit **konteks en kultuurvriendelik en bekend** moet wees om enige eksistensiële impak te maak.
- Kerklike kommunikasie sal in 'n breë sin **van onder na bo** baie beter tref in die huidige tydgleuf waarbinne mense boonop **minder affiniteit toon teenoor publieke kommunikasiegeleenthede** soos eredienste.
- Die groot noemer waaronder feitlik al die karaktertrekke saamgegroepeer word, is dat kommunikasie die **totale mens** moet betrek. Die volgende aspekte wat ter sprake kom verduidelik meer spesifiek wat bedoel word met **holistiese kommunikasie** wat die totale mens aanspreek en betrek (en kommunikatief die dialogiese karaktertrekke uitbou).
  a. Kommunikasie moet **veelsintuiglik** wees. Sensoriese belewenisse soos sig, smaak, gevoel, gehoor en reuk moet beurte kry.
  b. Daar moet groter klem op **regterbrein** stimulusse wees in die kommunikasieproses wat kognitiewe benaderings aanvul. Aspekte soos kuns, kreatiwiteit, intuïsie en meditasie kan goed ingespan word.
  c. Ruimte vir instrumente wat **transendente**, bonatuurlike, onsigbare en oneindige groothede kan kommunikeer, moet geskep word.
  d. In 'n kerklike tradisie waar verbale kommunikasie dominant was, moet meer gemaak word van al die dinamiese werkinge van **nie-verbale** en bo-verbale kommunikasie.
  e. Voortvloeiend hieruit blyk dit belangrik te wees om aktief in te fokus op mense se vemoë tot **verbeelding en herinnering**.

f. Kommunikasie in ons dag wat nie **relasioneel** (verhoudingsgedrewe) is nie, gaan eenvoudig nie tref nie. Hiermee word bedoel kommunikasie wat intiem, naby, persoonlik, liefdevol, en met passie gebesig word.

g. Kommunikasie wat die totale mens betrek en aanspreek moet die **kognitiewe, die affektiewe, die konatiewe, die liggaamlike, die normatiewe en die teleïtiewe** komponente van menswees inreken. Letterlik met *hart, siel, verstand, al jou krag* en *soos jouself* (Mar 12:30-32).

h. Die hoeksteen wat kommunikasie laat slaag, is **deelname**. Maksimum deelname en blootstelling kan die liturgie net goed doen.

i. Om deeglik rekening te hou met die fenomeen van **metakommunikasie,** waarby bedoel word die kommunikasie van die kommunikeerder(s) se gesindhede en bedoelings, sal die liturgie baie baat. Om 'n lewenswyse van "geniet-wat-ek-doen", goeie intensies en 'n hoë waarde aan die ander persoon of persone toe te ken, verhoog die respons, die retensiefaktor en die belewenis van die kommunikasieproses aansienlik.

- Rakende die **teorie van kommunikasie** vir die praktiese teologie en die liturgie, word die keuse gemaak allereers vir **dialogiese kommunikasie as praktykteorie,** en dan ewe belangrik vir kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Die nukleus van dialogiese kommunikasie word uitgestip as interpersoonlike kommunikasie wat in vryheid en op gelyke voet geskied wat wedersydse begrip bevorder deur die uitruiling, kommunikasie en interpretasie van idees, boodskappe en die evangelie van Jesus Christus.
- Posisie word ingeneem binne die skuif van kommunikasie as 'n akademiese dissipline na kommunikasie as praktiese **kommunikatiewe dade** wat die konteks ernstig opneem en poog om dit te bevry en te transformeer. Omdat die konteks ernstig opgeneem word, kan die konteks ge-evalueer en empiries ondersoek word ten einde wetenskaplik by te dra tot meer effektiewe deurbreking in die konteks deur die Teks. Die keuse word ook gemaak vir **bestaanskommunikasie** of eksistensiële kommunikasie binne die dialogiese raamwerk. Hiermee word bedoel:
    a. Die mikpunt is verlossing, nuwe betekenis en sin deur die evangelie van Jesus Christus wat geregtigheid en vrede bring.
    b. Dit vra totale oorgawe en totale deelname.

c. Die inhoud bly die Skrif en hermeneutiese interpretasie daarvan tot ‘n eietydse verstaan vir die eie konteks en elke ander konteks waar dit heen geneem word.

- Heelwat outeurs het die **winspunte uit simboliek en rituele** voorgehou as juis dit wat die vereistes vir resente en dialogiese kommunikasie en terselfdertyd liturgiese leemtes is. Hier word gedink aan veelsintuiglike dinamika, aanvullende regterbrein-kommunikasie, nie-verbale en bo-verbale kommunikasie insake transendente groothede, verbeelding, herinnering en holistiese kommunikasie. Ander aspekte wat nie intrinsiek eie is aan simboliek nie, maar onmisbaar vir eietydse en geslaagde kommunikasie, soos deelname, metakommunikasie, liggaamlikheid en verhoudingskommunikasie, ens. word voor gepleit om ingespan te word in die liturgie in simboliese kommunikasie.

5.2.5 Insigte uit die behoefte na verhoogde pastoraat binne die liturgie

Die gesprek rakende liturgiese pastoraat is in afdeling 2.6 deurgetrap. Die sinoptiese samevattings van paragraaf 2.6.3 en 2.6.4 kry ons by die spesifikasies wat aan liturgiese simboliek gestel gaan word ten einde pastoraal in eredienste besig te wees. Die besonderhede is:

- Die bedoeling met **pastorale liturgie** is:

  Pastorale hulp, sorg, troos en hoop wat in die liturgie aan die beurt kom met die pastors wat dit bedien en as dirigente dit orkestreer en gelowiges laat deelneem en laat uitkring tot die lewe daarbuite.

- Die redes waarom pastorale liturgieë **onontbeerlik** geraak het, is:
  a. Dit gaan in die liturgie oor die **verheerliking van God**. Aan die hand van tekste soos Joh 11:4 is dit eg Godverheerlikend om mense pastoraal te begelei, te heel en hoop te gee.
  b. As die liturgie **eietyds, kontekstueel en mensgerig** wil wees, kan dit nie anders as om pastoraal gefokus te wees nie.
  c. Mense is in die huidige Suid Afrikaanse konteks gedompel in **nood, lyding, armoede en stukkendheid**. Die boodskap van die Bybel

waarin Jesus Christus tot mense kom, wil *Goeie Nuus* wees vir alle mense.

- Liturgiese momente wat pastorale kwaliteite, soos geborgenheid, troos, identiteit en hoop, in sigself saamdra wat ons aandag verg is:
    1. Skriflesing en pastorale prediking, veral uit pastorale tekste soos Mat. 11:28vv, Ps 23, Ps 40, ens.
    2. Gebede vir siekes, treurendes en armes.
    3. Die Eucharistie.
    4. Geloofsbelydenisse (*symbolon*).
    5. Narratiewe en getuienisse in die skaduwee van die Jesus-narratief.
    6. Lied en musiek wat gelaai kan wees met wonderlike helingskrag.
    7. Spesifieke pastorale liturgieë en formuliere.
    8. Momente soos **salwing met olie** en **brood en wyn** troos en heel op 'n meer totale **sensoriese** vlak. Dit spreek mense aan deur hulle geheue, drome, smaak, reuk, gehoor, verbeelding en gevoel en bring daardeur nuwe betekenis en hoop.
- Die liturgie kan 'n baie ideale situasie vir pastoraat skep omdat gelowiges daar met gebruikmaking van simboliek **verhoudingsgewys** (pluraal en kollektief) weer sin vind vir die lewe.

5.3 Insigte uit Bybelse simboliek en die wese en funksionering van simbole en rituele

Die vorige afdelings het verwagtings en afwagting geskep uit die konteks waarbinne die liturgie afspeel en uit die liturgie self binne die praktiese teologie. Dit kan ook nader gedefinieer word as uit die aanbiddingsruimte en leefwêreld waarbinne liturgiese simbole en rituele toegepas word. In 'n poging om die verwagtings en afwagtings te ontmoet, is simbole en rituele na aard, wese en funksionering ontleed (4), om vas te stel of aan die verwagtings voldoen word en die wese van simbole en rituele is in die Bybel nagegaan (4). Die ondersoek na die wese en funksionering van simbole en rituele het die volgende insiggewende gegewens aan die lig gebring.

5.3.1 Insigte uit die wese en funksionering van simbole en rituele

Die volgende insigte is aan die lig gebring:

- Simbole is gedefinieer as: *'n Woord, 'n vertelling, 'n objek of 'n handeling wat 'n groter, dieper, verborge grootheid uitbeeld of uiteensit*.
- 'n Ritueel is gedefinieer as: *'n Kontekstueel en kultureel kenbare en herhalende handeling wat uitgevoer word deur die gebruik van woorde, houdings, handelinge, voorwerpe en liggaamlikheid, waarvan die bedoeling gedekodeer kan word. Dit kan deur 'n individu of groepe, simbolies of lineêr uitgevoer word.*
- Die volgende onderskeidende elemente en komponente van simbole en rituele in stemming met Gereformeerde en postmoderne kontekste is bespreek.
    a. Religieuse simbole en rituele vergestalt altyd die heilige. Dit is: God deur sy Seun Jesus Christus in en deur die Heilige Gees en dit fasiliteer Skrifgebeure en Skrifbeginsels.
    b. Dit bied regterbrein- (emosie, gevoel, intuïsie) aanvulling in die geloofslewe en liturgie;
    c. Dit is 'n sleutel tot die verstaan van dieper en groter transendente werklikhede;
    d. Dit is 'n terapeutiese en hermeneutiese ordeningsfunksie en dit verskaf geborgenheid en identiteit.
    e. Verder vereis dit aktiewe, handelende, deelname vir die suksesvolle werking en kodering van betekenis;
    f. Dit is inherent herhalend na aard en dinamiek;
    g. 'n Primêr menslik-sosiale verskynsel waarin verbeelding en spel 'n belangrike rol speel;
    h. Dit beskik oor die waardevolle vermoë om veelvuldige betekenismoontlikhede te dra;
    i. Dit vra na feestelikheid en 'n genotsaspek;
    j. Dit kommunikeer intrinsiek met die gebruik van min woorde alhoewel woorde ook simbole is en taal as ritueel gestaaf word.
    k. Simbole en rituele vra na noukeurige toepassing omdat dit generasie- of lewensfase-sensitief is

l. Dit is konteks en kultuurgekoppeld.

m. Deur die geskiedenis heen verander kulture en kontekste en gevolglik raak rituele en simbole uitgedien en sterf dit. Daarom kan rituele verander en moet nuwe relevante simboliek deurentyd en deurdag geskep word uit toegewyde beplanning, deelname en eksperimentering.

n. Heelwat insigte aangaande die **pastorale** of terapeutiese werking en potensiaal van simbole en rituele het aan die orde gekom.

- Historiese en resente perspektiewe aangaande doodsrituele en begrafnisse is uitgelig.
- So ook perspektiewe omtrent sosiale herinterpretasie en heelheid,
- die transformerende effek en die terapeutiese potensiaal van oorgangsrituele in situasies van rousmart en pyn.

o. Waar daar liturgiese aanvraag ontwikkel vir emosie, ervaring, deelname, terapie en kreatiwiteit, word momente baiemaal **onoordeelkunidig** by Charismatiese en Pinkster-denominasies uit Amerikaanse konteks gekopieer. In plaas daarvan word simbole en rituele aangebied om aan die aanvraag na ‘n meer totale antropologiese styl van liggaamlikheid, **gevoel en ervaring** te voldoen. Dit het dieper en inniger gevoelswaarde; meer transendente kommunikasie-vermoëns; meer dinamiese waarde; dit strook met Bybelse en Gereformeerde kommunikasiebeginsels en dit is konteksrelevant.

p. Laastens is uit die werk van Gerard Lukken (1999) aangetoon dat rituele beskik oor die volgende dimensies:

- bemiddelend tot die verlede
- formaliserend en stabiliserend
- verdigting van die werklikheid
- ontladend en kanaliserend (terapeuties) vir emosies
- ekspressief – veral t.o.v. die self
- bevrydend
- eties en
- polities.

5.3.2 Insigte uit simbole en rituele uit die Bybel

Die hoofstuk wat die finale en kardinale afrondingswerk voltrek het, het aan die kenbron van ons totale geloof, die Bybel, die laaste sê afgestaan insake die aard, wese en funksionering van simbole en rituele. Die bevindings was:

- Inleidend is die volgende beginsels in verband met Skrif en simboliek aangestip:
  - Die Woord het juis ontstaan uit die postmoderne, emosionele groothede van 'n **patos** (pastoraal) en **ervaring** (spiritualiteit) met God
  - Simbole en rituele **vul** die **Skrifboodskap aan** (kommunikasie)
  - Simbole en rituele het 'n **gerigtheid** op **God se teenwoordigheid** (spiritualiteit)
  - Simboliek in prediking is soos Jesus se **gelykenisse** (kommunikasie)
  - Mense is geskep met 'n **behoefte** na **transendente** spiritualiteit. Simboliek bevredig daardie behoefte
  - Liturgiese simboliek en ervaring mag **nie goedkoop** wees nie. (spiritualiteit en kommunikasie)
  - Bybelse simboliek kan nuut en **dinamies** toegepas word al het dit die Bybelse leefwêreld, kultuur en konteks bedien. (kommunikasie)
- Verder is uit 'n Bybelse antropologie uitgewys dat die **mens geskape is as simbool** (meestersimbool) om kommunikatief met simbole om te gaan.
- Ook dat die **totale mens** vir God ontmoet in aanbidding en die liturgie. Daarom is **liggaamlike** aanbidding belangrik.
- Rakende **Bybelse taalgebruik** is aangetoon dat die mens probleme ervaar om God se openbaring verbaal te kommunikeer. Daarom het God in die Bybel in simboliese taal soos metafore, beelde, simbole en verhale gekommunikeer. Bybelse taal is deur Berkhof (1979) beskryf as *analoog-adequaat*. Bedoelende dat dit genoegsaam (verstaanbaar) is deurdat dit op analoë (kontekstueel verwysend) wyse uitdrukking gee aan God en Sy boodskap.
- God gaan in Jesus Christus alle menslike pogings tot **metakommunikasie** voor en ten bowe in kwalitatiewe aspekte soos gesindheid teenoor-, waardering van die ander- en intensies van die rituele kommunikasie.

- Behalwe Bybelse taalgebruik het **Bybelse handelinge** wat simbolies is ook kerugmatiese betekenis in die Bybel. Voorbeelde hiervan is Jeremia en die kleipot en Jesus se voetwassing van die dissipels.
- **Liturgiese en kultiese simboliek** is in die Bybel 'n integrale deel van aanbidding. So byvoorbeeld het die talle **feeste** die vierders se vrees vervang met vreugde en hoop en hulle 'n nuwe visie vir die toekoms gegee.
- **Sakramente** is in die Skrif God se simbole en rituele, wat van 'n basiese en eenvoudige karakter getuig het, wat deur die Gees se werking die Woord aanvul om geloof te versterk.
- Ten slotte word binne die skopus van dié studiestuk die **aanbod van simbole en rituele** binne perspektief gestel. Die moderne en postmoderne **soeke na ervaring**, emosie, wonderwerkmatige aandoenlikhede, wondergenesings, ens. is opgesluit in die taal en die kommunikasie-style wat die Bybel aan ons bekend stel om bonatuurlike en transendente wêrelde te begryp en om terapie te ontvang. Simbole en rituele in hulle verskeidenheid van liggaamlikheid, sakramente, verhale, beelde, handelinge, kleure en sintuiglikheid open genoegsame vensters op die Here en die hemel en om troos te ontvang.

5.4 Praktykteorie uit die bevindings en toepassings

Die genoemde bevindings word in gekondenseerde formaat tabelsgewys uitgedruk op bladsy 256. Die vraag wat gestel word, is dat die Gereformeerde en postmoderne kontekste en liturgiese spiritualiteit, kommunikasie en pastoraat na kwaliteit sekere verwagtings koester wat deur simbole en rituele in die liturgie en die wese van simboliek uit die Bybel ontmoet kan word. Die wese van simbole en rituele en simboliek uit die Bybel word as die aanbod gestel wat die vraag ontmoet. Die kwalitatiewe verwagtings is uitgewys as:

I. Dat die hoogste en swaarwigtigste vergestalting en doelstelling met simboliek in die erediens altyd **God Drie-Enig en Bybelse waardes** en beginsels is.
II. Aanvullende gebruikmaking en verrekening van regterbreinkomponente soos **ervaring, emosie** en musiek.
III. 'n Doelbewuste hoë premie op handelende **deelname** en herhaling.
IV. 'n Benadering van **eenvoud** en soberheid.

V. Handelinge en momente wat spreek tot die **kultuur en konteks** van die dag.
VI. Erediensmomente wat die **totale mens** betrek en infokus op **veelsintuiglikheid** en **liggaamlikheid**.
VII. Ruimte vir **transendensie**, verbeelding en mistiek om God te aanbid.
VIII. Handelinge wat **diversiteit**, pluralisme en generatiewe verskeidenheid omhels en vier.
IX. Byeenkomste wat **pastorale** en **terapeutiese** roepings insluit.
X. Samekomste waar **feestelikheid** en aangename ervarings beleef word.
XI. Kommunikeerders wat **beelde**, **verhale**, **metafore** en **ikone** gebruik.
XII. Handelinge waar ag geslaan word op **metakommunikatiewe beginsels** soos gesindheid, intensie en hoë waardetoekennings aan die ander persoon.

Bogenoemde elf aspekte word treffend deur die wese en funksionering van simbole en rituele en Bybelse simboliek ontmoet (soos uit die tabel blyk). Hiertoe spreek die arbeid uit hoofstuk 3 en 4 genoegsaam. Uit 'n kwantitatiewe analise van die tabel (p.259) blyk die mees kardinale aspekte vir 'n **model** tot die toepassing vir simboliek (praktykteorie) binne Gereformeerde eredienste die volgende te wees:

- 'n Ononderhandelbare, doelmatige fokus op God en Bybelse waardes (*Soli Deo Gloria*)
- Ervaring en emosie
- Deelname
- Konteks en kultuurrelevantheid
- Ruimte vir transendente meditasie, verbeelding en mistiek
- Kommunikasie d.m.v. beelde (ook elektronies), verhale, metafore en ikone
- Kommunikasie wat die totale mens opeis in veelsintuiglikheid en liggaamlikheid

Aspekte wat na frekwensie voorkoms op die tabel (p.256) *aanvullend* (maar ook kardinaal) blyk te wees binne die **model** by simbole en rituele is:

- Eenvoud en soberheid
- Die omhelsing van generatiewe en ander diversiteite
- Pastorale en terapeutiese aspekte
- Feestelikheid en aangename ervarings

- Meta-kommunikasie wat betref hoë waardetoekennings, intensie en gesindheid teenoor mense.

	VRAAG uit KONTEKS		*VRAAG* uit LITURGIE			*AANBOD* uit TEKS & TEORIE	
FOKUS (simboliek)	Gereformeerd 5.2.1	Postmodern 5.2.2	Spiritualiteit 5.2.3	Kommunikasie 5.2.4	Pastoraat 5.2.5	Simbole & Rituele 5.3.1	Bybelse Simboliek 5.3.2
God Drie-Enig; Bybel	✓		✓	✓	✓	✓	✓
Ervaring & Emosie (regterbrein musiek)	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Deelname	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Konteks & Kultuur	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Totale mens Liggaamlik, Veelsintuiglik	✓	✓		✓✓	✓	✓	✓
Eenvoud (sober)	✓	✓	✓				✓
Pastoraal Terapeuties		✓	✓		✓✓	✓	
Feestelik Geniet		✓		✓		✓	✓
Beelde, Ikone Verhale Metafore	✓	✓	✓	✓	✓	✓	✓✓
Metakomm. (gesindheid intensie)		✓		✓✓			✓
Diversiteit Pluraliteit Generatief	✓	✓	✓			✓	

Tabel 5: Fokusse teenoor konteks, liturgie, Teks en teorie in liturgiese simboliek

Daar is ook ‘n *winspunt* ter sprake met die toepassing van liturgiese simboliek binne die aanbevelings van die genoemde model wat as *praktykteorie* gestel word. Saam met Strauss (1995:90-95) en Pieterse (1997:67) word liturgiese simbole en rituele aangebied om die liturgiese kern (“verkondiging” – Immink 1994:18 – 1.1)

van "*die eer van God* " en "*die heilsdade in en deur Jesus*" aan te vul en uit te bou tot 'n fees ("viering" – Immink 1994:18 – 1.1) op die vlakke van "*mense in sy diepste wese … ontroer* ", "*estetiese ervaring* ", "*die erediens beleef* ", "*die behoefte aan iets diepers* ", "*kreatiwiteit* ", "*liggaamlike beweging in die erediens* ", "*die antropologiese aspek van geloof* " en "*visuele kuns* " met simbole en rituele eerder as deur middel van oppervlakkige, goedkoop kitskure by aanbiddingsgeleenthede wat nie die Skrif of Skrifwaardes uitbou nie.

Behalwe bogenoemde winspunt gaan daar ook 'n ***vermaning*** met die praktykteorie saam. Saam met Pieterse (1997:67) word gewaarsku dat simbole en rituele "*nooit 'n doel op sigself (mag) word nie*" en dat die **funksionaliteit** daarvan nie verabsoluteer word nie want "*rituelen zijn een praxis van geloof en van hoop, niet van macht en beheersing* " (Lukken 1999:61; vergelyk ook Rappaport 1999:28).

'n ***Wenk*** wat aan die hand gedoen word, is dat die "aanvullende kardinale aspekte" wat uit die vergelykende tabel (p.15) uitgewys is, nie gesien word as minder effektief of minder noodsaaklik in die toepassing van liturgiese simboliek nie. Binne die kader van dialogiese kommunikasie en kommunikatiewe handelinge, wat spesifiek die konteks, die mens, insigte uit hulpwetenskappe en kommunikatiewe vaardighede omspan, moet dit ewe noodsaaklik waardeer word as die kernaspekte in die praktyk waar die praktykteorie (model) die kommunikasieteorie (2.5.1 & 2.5.3) uitbou. Die uitwysing van "kernaspekte" en "aanvullende kardinale aspekte" is 'n teoretiese, analitiese onderskeiding in relasie tussen die onderskeie liturgiese en kontekstuele groothede en die wese van simbole en rituele gegrond op frekwensie-neerslag in die tabel. Dit moet nie as skeidings en graadwaarderings in die praktyk geag word nie.

5.5 'n Model vir die toepassing van simbole en rituele binne Gereformeerde litiurgieë – grafies voorgestel

Aan die hand van die inhoudelike gegewens hierbo (5.4) word die praktykteoretiese model grafies so voorgestel:



5.6 Slot

Hierdie proefskrif het vertrek met die **probleem** vanuit die liturgie dat daar binne die huidige konteks en die deurlopende poging tot getrouheid aan die Skrif toenemend spanning groei in die erediensspraktyk. Die navorsingsvermoede was dat liturgiese simbole en rituele uitnemend geskik is om geweeg te kan word om dié spanning genoegsaam aan te spreek. Aan die hand van 'n literatuurondersoek is navorsing

gedoen rakende die konteks, en die liturgie. Die konteks is verteenwoordig deur die postmoderne konteks en die Gereformeerde teologie. Binne die liturgie is drie aspekte ondersoek en sterk gerigthede op simboliek uitgewys. Die drie liturgiese aspekte is spiritualiteit, kommunikasie en pastoraat. Uit hierdie navorsing uit die konteks en die liturgiese aspekte is ‘n **vraag** (behoefte) uitgewys waaraan voldoen kan word deur liturgiese simbole en rituele.

Die **antwoord** of aanbod op die bogenoemde vraag wat uitgewys is, is opgespoor in ‘n literatuurondersoek na die wese en funksionering van simbole en rituele en ‘n ondersoek na simboliek in die Skrif. Dit het uitgeloop op die **konklusie** van hierdie proefskrif, naamlik ‘n praktykgerigte **model** (5.4 en 5.5) vir die liturgiese gebruik van simbole en rituele as praktykteorie. Die genoemde model as praktykteorie is die **bydrae** wat hierdie proefskrif maak tot die vak liturgie binne die praktiese teologie.